No 1303 31 Januarie 2016

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: *www.gk-alkantrant.co.za* • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant
Predikant: Ds. Dirk Kotzee: 079 305 3297, *dkotzee@gmail.com* • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, *hbklopper@webmail.co.za*
Administratiewe beampte: Magda Coetzee: 082 496 9218, *magdacmcoetzee@gmail.com* **Attes Skriba:** Tjaart vd Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za *Bankbesonderhede: GK Alkantrant, ABSA rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745*

DIE EREDIENS

Baie welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Ons bid u elkeen 'n geloofsverrykende, vreugdevolle en aangename erediens toe.

Eerste diens:

Ds. Dirk Kotzee
Skriflesing: Lukas 15: 11-32
Teks: Lukas 15:32
Tema: ONS KAN NIE ANDERS AS OM FEES TE VIER NIE!

Preekskets:
Ons verhouding met God is een van die belangrikste aspekte van Christen wees. Tog sien ons in baie gevalle dat mense hierdie verhouding inkleur as 'n iets-vir-iets verhouding. Dat mense sê hulle glo in God terwille van die voordele daarvan. In ons teksgedeelte sien ons hoedat twee kinders reageer op die verhouding met hulle vader. Die een eis sy voordele op en kom dan agter dat die verhouding met sy pa belangriker is as die voordele wat hy daaruit gekry het. Die ander werk by sy pa, en wanneer daar 'n fees gehou word vir sy broer se terugkeer, dan kom die ware aard van sy verhouding met sy pa uit. Wie was dan nou eintlik die verlore seun?

Sing:
Psalm 112: 1 en 2 (Cloete)
Psalm 130: 1 en 2
SB 8-1:2
SB 14-2
SB 13-3

Tweede diens:

Ds. Dirk Kotzee
Skriflesing: Markus 14: 26-31
Teks: Markus 14:
Tema: OM TE KAN SING IN TYE VAN BEPROEWING...

Preekskets:
Markus 14 word ingelui deur 'n moordkomplot, en afgesluit deur 'n haan wat twee keer kraai en Petrus wat in trane uitbars. En in die middel van hierdie somber hoofstuk, staan vers 26. Vers 26 wat in die donkerte van die gebeure wat ontvou flikker soos 'n kersie van hoop. Van alle kante af vou die donkerte oor Jesus toe: mense wat Hom verraai, mense wat nader storm met stokke en swaarde en soene, mense wat uitmekaar hardloop soos skape sonder 'n herder. Jesus wat weet wat kom, sing 'n lofsang. Kan ons nie dan ook nie?

Sing:
Lied 190: 1 en 2
SB 14-3: 1
Psalm 118: 2 en 14

Kollekte:
Tydens erediens: Diakonale kas
By die deure: Thuso fonds
Volgende Sondag: Dopperdinge

Diensbeurte:
Die kerkraadslede van Wyk B3 is vandag aan diens. Hulle is ouderling Alwyn Kraamwinkel en diaken Cor Coetzee

Katkisasie toesig: Gr. 6 (Kerk 3)

GEMEENTE-SAKE

Uit die kerkraad:

Ouderlinge en diakens

Die volgende broeders word as ouderlinge aan die gemeente voorgehou:

Br. Johan van Dijken
Br. Christiaan Swanepoel

As diaken:

Sr. Sanderien van der Walt

Kerkraadsbesluite:

Daar is met die onlangse kerkraad vergadering ’n paar sake goedgekeur wat ons graag met u wil deel.

1. Die instandhoudingskommissie het ’n paar sake identifiseer wat aandag sal geniet in die volgende tyd. Die groot projekte sluit in: die konsistorie se dak moet herstel word en die vervanging van die klanksisteem in die kerk.

2. ’n Nuwe naambord sal op die muur tussen die twee hekke aangebring word om die kerkgebou, en die kerk se bedieningsfokus duideliker aan te toon. Die bewoording van die naambord moet nog deur die bedieningskommissie goedgekeur word.

Ons is op Facebook!

Like us on Facebook

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers ’n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto’s deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal welkom, kom praat lekker saam op ons *facebook* blad! Ons het al meer as **76 “likes”!**

Beurtkrag:

U word vriendelik gevra om rustig te wees as daar ’n kragonderbreking tydens die erediens sou plaasvind. Ons het ’n kort tydjie nodig vir die orrelis om haar plek voor die klavier in te neem.

2016 Gemeente kalender en geloftediens

Die Almanakke wat bestel is en nog nie afgehaal is nie, sal na vandag verkoop word op aanvraag basis.

Die geloftediens van 2015 wat deur Ds. Sarel Cilliers gehou is, is nou op CD beskikbaar. Kopieë kan van vandag af by Robert Peters in die biblioteek bestel word.

GEMEENTELIKE AKTIWITEITE

Sustersake

***Skinkbeurte*:**

Vandag 31/01: D1, D3, F4, G5, H4.

Volgende Sondag 07/02: B1, B2, B3, C3, F2, H2.

Susters word vriendelik versoek om maar ’n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

Sustersaamtrek:

Die Susters word herinner aan die sustersaamtrek van Saterdag 5 Maart 2016 by Gereformeerde Kerk Bronkhorstspruit. Die tema: Laat God se liefde weergalm.

Bespreek asb voor 5 Februarie 2016. Besprekings kan gedoen word by sr. Magdel van Wyk. Kontak haar by 084 207 8986 Kostes beloop R130.00 p.p.

Bankrekening: Gereformeerde Susters Hulpdiens FNB
Tak: 270350
Rek. Nr: 62561577910
Verwysing: SS_____ (Met u naam)

Bewys van betaling kan gestuur word aan gkerkbhs@penta-net.co.za

---

Katkisasie

Katkisasie direk na die erediens.

Feeskommissie:

Nagmaalete:

Ons gaan weer DV Sondag 21 Februarie 2016 na die erediens saam eet. Ons wil graag BRING EN BRAAI; die bykosse en nagereg sal voorsien word. Bring asb. jou eie dinkgoed, eetgerei en vleis saam. Kyk ook uit vir die spesiale vermaak wat vir die kinders gereël gaan word. Gee asb. julle name op in die voorportaal, sodat ons volgens getalle kan voorberei.

Gemeentenaweek:

Die Feeskommissie reël hierdie jaar die gemeente naweek by Buffelspoort. Dit is ongeveer 45 min. se ry vanaf die kerk. Daar is chalets, kampplek en karavaanstaanplekke beskikbaar. Bespreek asb. in die voorportaal, daar is baie informasie ook op die kennisgewingbord beskikbaar. Vir meer inligting, skakel gerus vir Christiaan Swanepoel by 0737690455.

Datum: 4-6 Maart 2016
Plek: Buffelspoort
Kostes:
Chalets: 1225 p.n. vir 4 persone
Karavaan/Tent: 475 p.n vir 6 persone
Karavaan met skadunet: 529 p.n vir 6 persone

Diakonie:

Die Diakens en hul gesinne word herinner aan die piekniek saam met Ds Dirk op Sondag 7 Februarie. Die geleentheid begin so van 11:30 af hier by die kerk. Elkeen bring sy eie eetgoed, eetgerei en drinkgoed saam.

Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20 per sakkie, Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65 p/kg. Daar is ook wildpasteie, droëwors en biltong te koop. U kan ná die erediens agter die konsistorie (by die motorhuis) vir Nico of Marius kry wat u sal help.

Jongwerkendes:

Daar is tans twee geleenthede vir jongwerkendes om saam met medegelowiges te groei en die lewe te geniet. Die volgende twee kampe word oor die naweek van die 18-21 Maart deur verskillende jong dinamiese predikantspare aangebied. Die een is in die Vrystaat en die ander in die Drakensberge. Oorweeg die geleenthede en laat weet die kontakpersone of julle kom

RIVIERTOER VIR JONGWERKENDES



WWESS KAMP (Werkende wesens en senior studente)



Dopperdinge

Bydraes

Ons vra asseblief bydraes vir die Februarie 2016 uitgawe. As u interessante artikels met geestelike inhoud raak lees, kan u dit ook stuur mits die bron

duidelik aangegee word. Artikels oor kinder-opvoeding sal ook welkom wees. Die finale datum vir inhandiging is 31 Januarie 2016. Stuur asb. artikels in elektroniese vorm aan Willie Pretorius by *wilpret@lantic.net.*

Fotokompetisie

Die Dopperdinge foto-kompetisie vir Dopperdinge se voorblad is aan die gang. Kyk asseblief die besonderhede op die inligtingstuk in die voorportaal. Ons het al 'n hele paar foto's ontvang, maar vra nog vir daardie meesterstukke wat iewers in 'n kas of op jou rekenaar sit.

Verjaarsdae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle 'n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe**.**

1 Februarie

Anna Hohls (012) 993 1650).

2 Februarie

Ina de Villiers (012) 340 0130.

3 Februarie

Pieter Matthyser (jnr) (072 446 2742).

5 Februarie

JT Chambers (072 444 7992) en Karli Ligthelm (012) 346 3521).

6 Februarie

Suzanne du Plessis (012) 346 2188), Christiaan Swanepoel (083 252 0967) en Miali van Staden (012) 807 7437).

Nuwe Intrekkers

Ons verwelkom hartlik alle nuwe intrekkers. Ons wil graag kennis maak! Ontmoet asseblief na afloop van die diens vir Hennie Klopper (Skriba) by die Konsistorie aan die agterkant van die kerk sodat ons u besonderhede kan kry

Gedagte vir die week

Ons dien God nie vir die voordele wat ons daaruit kry nie. Ons dien Hom omdat Hy die enigste, ware, almagtige en ewige God is.

Dagboek

Ds. Dirk se kantoor is in die konsistorie opgestel. Hy sal Maandag tot Vrydag, tensy iets anders voorval, van 08:00 tot 15:00 op kantoor wees. Hy is egter 24/7 beskikbaar en is net 'n oproep vêr. Bel hom by 079 305 3297

Hierdie week: *Vandag*: Erediens om 09:00, Ds. Dirk preek. Katkisasie daarna. Tweede ere-diens. Ds. Dirk preek.

Week 2: *Sondag 7 Februarie:* Erediens om 09:00, Ds. Dirk preek. Katkisasie daarna. Tweede ere-diens. Ds. Dirk preek.

Week 3: *Sondag 14 Februarie:* Voorbereiding erediens om 09:00. Katkisasie daarna. Tweede erediens. Ds. Dirk preek. Diakonie vergadering 16/02 om 19:00 in konsistorie. Ouderling vergadering 17/02 om 19:00 in konsistorie

Week 4: *Sondag 21 Februarie:* Nagmaal. Ds. Dirk preek. Geen katkisasie. Nabetragting. Ds. Dirk preek. Klub 50 op 26/02.

Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons gratis advertensies. Advertensies sal vir die duur van vier weke geplaas word, of u reël met die redaksie vir volgehoue plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

VAKANSIE BLYPLEK:
Mount Amanzi. Fasiliteite sluit in: Visdam, buitelug skaak, put-put en nog vele meer. Fasiliteite naby aan Mount Amanzi sluit in: Slangpark, jagluiperd plaas en nog meer. Kontak R. Havemann by (012) 993 4869 of 073 396 9502.